OUDTSHOORN COURANT - 13 MEI 2011

nuus/news

# Rasseklassifisering getakel

● WILLIE SNYMAN

**OUDTSHOORN.** - Die drukgroep PARC (People Against Racial Classification), wat deur 'n jong onderwyser van Oudtshoorn, mnr. Glen Snyman, in die lewe geroep is om die regering se gedwonge rasseklassifisering te takel, vind klaarblyklik nie net plaaslik nie maar ook wyer aanklank.

Soveel so dat prof. Pierre de Vos, 'n grondwetkenner van die Universiteit van Kaapstad, volgens 'n Sondagkoerant die naweek, voorspel dat PARC se veldtog "'n groot probleem vir die regstelsel kan skep." Hy sê die wetgewing oor regstellende aksie is gegrond op selfklassifisering. Niemand mag egter 'n klassifikasie aan iemand anders opdwing nie.

Dit is juis waarom PARC se kern-argument wentel. In die onderhoud met die *Oudtshoorn Courant*, het Snyman gesê met die afskaffing van die Bevolkingsregistrasiewetgewing in 1991 mag die staat nie meer burgers volgens ras klassifiseer nie.

"Ons is reeds 17 jaar in die nuwe, demokratiese Suid-Afrika, tog bemoei die regering van die dag hom steeds met dié hoeksteen van apartheid. Ek stel voor dat alle Suid-Afrikaners voortaan, elke keer wanneer hulle versoek word om hul ras aan te dui, die aanwysing 'Swart Afrikaan' kies. Binnelandse Sake registreer babas slegs volgens hul burgerskap. Eers wanneer hulle skool toe gaan, klassifiseer die onderwysdepartement hulle volgens ras. Die skoolstelsel maak dus die kinders rassisties deur hulle te klassifiseer, maar tog mag geen staatsamptenaar vir jou sê jy is wit, swart, bruin of 'n Indiër nie.

"Dit is veral hiermee dat ouers van gemengde rashuwelike 'n ongemaklikheid ondervind."


Iets wat PARC erg ontstel is die feit dat, volgens die huidige soort rasseklassifisering, Chinese sedert 2008 swart is! "Dit beteken swart ekonomiese bemagtiging bevoordeel hulle (die Chinese) ten koste van bruin, wit mense en Indiërs, sê Snyman. Hy sê verder dat as alle Suid-Afrikaners voortaan 'Swart Afrikaan' op alle onderhewige vorms aandui, die regering kort voor lank raadop sal wees. "Hulle sal later nie meer weet wie om te bevoordeel en wie om te benadeel nie!"

Volgens prof. De Vos, word nêrens in die wet raskenmerke uitgestippel nie. "Die wet veronderstel mense weet instinktief waar hulle inpas volgens destydse apartheidswetgewing. As 'n staatsamptenaar jou selfklassifisering bevraagteken, gee dit weer (soos voor 1991) vir amptenare die mag om oor mense se klassifisering te besluit, want daar is geen reëls oor wie of wat swart, wit, bruin of Indiër is nie.

Sonder reëls is daar dus nie 'n wet wat jy kan oortree as jy die ras van jou keurse aandui nie. Baie mense worstel met klassifisering en die wetgewing oor regstellende aksie probeer dit omseil. Enige gedwonge klassifikasie sal strydig wees met die Grondwet."

Juis daarom wil PARC konstitusionele hof toe gaan en die regering voor 'n ultimatum stel: Bring die apartheidswet op klassifisering terug of skrap alle rasverwysings in die wetboek.

Vir meer inligting kan PARC se webtuiste: www.parcsa.co.za besoek word.




Mnr. Glen Snyman, die stigter van PARC (People Against Racial Classification).
*Foto: Willie Snyman.*